

## 20 November Lukas 16:1-13; (Teks: 16:1-9-klem op 8, 9)

### ***Hoe gebruik u die onregverdige mammon om vriende te maak?***

In die voorgelese gedeelte lyk dit of die oneerlike bestuurder hom skuldig maak aan 'n blatante vorm van korrupsie. En tog prys Jesus hom oor die "slim ding wat hy gedoen het". Hoe verstaan 'n mens dit?

In die verklaring van ons teksgedeelte sal ons fyn moet let op die konteks waarbinne Jesus die gelykenis van die oneerlike bestuurder vertel. Dit lê naamlik ingewig tussen die gelykenis van die verlore seun en dié van Lasarus en die ryk man. Daar is 'n gemeenskaplike element in al drie hierdie gelykenisse:

- Die verlore seun eindig daar in die ver land tussen die varke. Maar hy doen ten minste die regte ding. Hy kom tot bekering en hy keer terug na die vader.
- Die oneerlike bestuurder bevind hom eweneens in 'n haglike situasie. Maar ook hy doen die enigste juiste stap in sy omstandighede: Hy bewys gunste sodat hy later, na sy ontslag, op gunste kan reken.
- Daarteenoor geniet die ryk man oorfloed. Maar hy laat na om die één ding te doen wat in sy omstandighede nodig was. Hy slaan nie ag op Moses en die Profete nie en daarom bewys hy geen barmhartigheid aan Lasarus nie.

Jesus prys dus nie oneerlikheid aan nie. Nee, Hy hou aan ons die voorbeeld voor van 'n man wat die klein tydjie tot sy beskikking aangewend het om 'n regte stap te doen. Hy het naamlik in die nood van die oomblik só gehandel dat sy toekoms verseker is. Terwyl hy in die posisie was om dit te doen, het hy die onregverdige mammon gebruik om goeie gesindhede te skep en vir homself 'n heenkome na afdanking te verseker.

Só moet u as burger van die hemelse Koninkryk ook weet dat daar vir u 'n oomblik sal aanbreek wanneer u geld nie meer sal kan help nie. Wanneer u sterf, bly u geld agter en u word deur die engele na die "ewige wonings" gedra. Daarom is dit belangrik dat u u geld nou sal gebruik om vir uself vriende te maak sodat hulle u in die ewige wonings sal ontvang! Hierdie is 'n verrassend-nuwe gedagte in God se Woord. Hoe maklik kon die ryk man met al sy geld vir hom 'n vriend in die Vaderhuis verseker het. Maar helaas: Hy het in ongeloof oor Lasarus heen gekyk en daarom het Lasarus geen rede gehad om hom in die ewige woning te ontvang of daar vir hom te getuig nie. Hoe gebruik ú die onregverdige mammon?

Sing: Skrifberyming 26:1,9,11

Ds. J.J. Cloete (Koster)